
UNIVERSITY EXAMINATIONS



UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA

# TXN201B
# RTA211G
# RTX201K
# TXN211D

Mei/Junie 2009

## DIE BELASTING VAN INDIVIDUE (INKOMSTEBELASTING 201)

Tydsduur 2 Uur — 100 Punte

EKSAMINATORE
EERSTE — MEV KL DE HART — MNR MC VAN DYK
TWEEDE — PROF AJJ VAN WYK

Gebruik van 'n nie-programmeerbare sakrekenaar is toelaatbaar
**Gebruik van 'n nie-programmeerbare WETENSKAPLIKE sakrekenaar is toelaatbaar.**

**Hierdie vraestel beslaan agt (8) bladsye plus die skedules (bl i - viii).**

**BELANGRIKE INSTRUKSIES**

Aannames
1. **Alle bedrae sluit BTW uit, tensy anders vermeld.**
2. **Alle persone wat genoem word is inwoners van die Republiek van Suid-Afrika, tensy anders vermeld**

In verband met die beantwoording van hierdie vraestel
1. Hierdie vraestel bestaan uit vyf (5) vrae
2. Alle vrae moet beantwoord word
3. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy begin word
4. **Alle bewerkings, waar van toepassing, moet getoon word Waar 'n bedrag onderworpe is aan 'n beperking, moet die toepassing van die beperking duidelik aangedui word. Waar 'n item van belasting vrygestel is, of nie as aftrekking toelaatbaar is nie, moet dit aangedui word Alle bedrae moet afgerond word tot die naaste Rand.**
5. Vul asseblief die dekblad van die antwoordboek volledig in
6. Onthou dat antwoorde **NIE** in potlood gedoen mag word nie
7. Voorgestelde tydrooster **(probeer sover moontlik om nie van hierdie tydrooster af te wyk nie)**:

| VRAAG | Onderwerp | Punte | Minute |
|---|---|---|---|
| 1 | Berekening van belasbare inkomste van 'n persoon wat beleggingsinkomste verdien | 31 | 37 |
| 2 | Berekening van belasbare inkomste van 'n persoon wat uit sy werk bedank het | 23 | 28 |
| 3 | Werknemersbelasting | 18 | 21 |
| 4 | Reistoelae | 13 | 16 |
| 5 | Belasting betaalbaar deur 'n nie-inwoner | 15 | 18 |
| | **TOTAAL** | **100** | **120** |

**[BLAAI OM]**

**VRAAG 1 (31 punte, 37 minute)**

Peter Motlari is 66 jaar oud en ongetroud Hy het as 'n mynkaptein vir African Amalgamated Minerals Bpk gewerk tot sy aftrede in Junie 2007

Sedert sy aftrede is Peter se belangrikste inkomstebron sy maandelikse pensioen, alhoewel hy addisionele beleggings- en huurinkomste ontvang Besonderhede van sy inkomste en uitgawes vir die 2009-jaar van aanslag word hieronder gelys

| | Aant | R |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | |
| Pensioen | | 160 000 |
| Uittredingsannuiteit | | 48 000 |
| Rente ontvang – Suid-Afrikaanse vaste deposito | | 22 800 |
| Rente ontvang – Kanadese geldmarkrekening | | 2 800 |
| Dividende ontvang – Lowprop Bpk | 1 | 3 100 |
| Dividende ontvang – Goldrand Bpk (Suid-Afrikaanse aandelebelegging) | | 4 700 |
| Dividende ontvang – Kanadese aandelebelegging | | 2 100 |
| Skadevergoeding ontvang | 2 | 27 600 |
| Huurinkomste | 3 | 55 000 |
| Verkoop van primêre woning | 4 | 3 200 000 |
| Verkoop van diverse bates | 5 | 91 000 |
| **UITGAWES** | | |
| Mediese uitgawes | 6 | 30 700 |
| Skenking | 7 | 12 000 |
| Huuruitgawes | 3 | 56 900 |

**Aantekeninge:**

1 Peter het artikel 11(*s*) dividende met 'n totaal van R3 100 van Lowprop Bpk, 'n Suid-Afrikaanse beleggingskema in vaste eiendom, ontvang vir die periode 1 Maart 2008 tot 31 Mei 2008 Hierdie belegging is op 1 Junie 2008 verkoop (besonderhede van die transaksie verskyn in nota 5 hieronder)

2 Terwyl hy by African Amalgamated Minerals Bpk gewerk het, het Peter 'n longsiekte opgedoen wat verband gehou het met sy werk as 'n mynwerker Sedert sy aftrede betaal Peter se werkgewer hom as gevolg hiervan maandelikse skadevergoeding van R2 300 (R27 600 vir die jaar)

3 Om 'n bietjie addisionele inkomste te verkry, het Peter 'n woonstel in 2002 gekoop wat hy vir die hele jaar aan huurders verhuur Besonderhede van huurinkomste en –uitgawes vir die 2009-jaar van aanslag is as volg

Inkomste

- Huurinkomste R55 000

Uitgawes

- Huuragent se fooi van R4 200 Die agent het al die administrasiewerk gedoen wat verband hou met die eiendom
- Op 1 April 2008 het Peter die eiendom aan nuwe huurders verhuur Hy het besluit dat die standaard huurkontrak wat hy tevore gebruik het, verouderd was

[BLAAI OM]

**VRAAG 1 (vervolg)**

Sy prokureurs het dus 'n nuwe, hersiene templaat vir 'n kontrak opgestel wat hy met al sy toekomstige huurders kan gebruik Die regskoste om die kontrak op te stel was R2 600

- Koste vir verf- en loodgieterwerk van R8 900
- Terugbetalings op huisverband
  - Kapitaal gedeelte – R2 800
  - Rente gedeelte – R38 400

4 Verkoop van primêre woning

Peter het besluit om na 'n kleiner woning te verhuis en het dus die huis waarin hy gewoon het op 31 Augustus 2008 verkoop Die verkoopprys was R3 200 000, alhoewel hy slegs 95% van hierdie bedrag ontvang het aangesien 'n kommissiefooi van 5% aan die eiendomsagent betaal is

Die eiendom is aanvanklik in Januarie 2002 vir R1 400 000 gekoop Oordrag- en regskostes ten tye van die aankoop het R96 000 beloop

Die enigste ander onkoste wat Peter aangegaan het, was die koste om die hele huis in 2005 te laat verf Die totale koste vir die verfwerk het R28 000 beloop

5 Verkoop van diverse bates

- Peter was ontevrede met die opbrengste van sy beleggingskema in vaste eiendom met Lowprop Bpk Hy het derhalwe besluit om die belegging op 1 Junie 2008 te verkoop Die belegging het in 2004, R45 000 gekos en die verkoopprys op 1 Junie 2008 was R49 000

- Peter se motor het voortdurend onklaar geraak en hy het as gevolg daarvan besluit om dit op 1 Februarie 2009 te verkoop en om 'n nuwe voertuig te koop Die ou motor het in 1999, R125 000 gekos Die huidige waarde daarvan was, volgens die gepubliseerde tabelle van die motorbedryf, R45 000 Die maksimum verkoopprys wat Peter in werklikheid daarvoor kon kry was egter R42 000

6 Besonderhede aangaande Peter se mediese uitgawes vir die 2009-jaar van aanslag is as volg

| | R |
|---|---|
| Bydraes tot mediese fonds vir die jaar | 27 600 |
| Kwalifiserende mediese uitgawes wat nie deur mediese fonds terugbetaal is nie | 3 100 |
| Totale mediese onkoste vir die jaar | 30 700 |

Peter betaal self al sy bydraes tot die mediese fonds en mediese onkoste Hy het geen afhanklikes op sy mediese fonds nie

7 Na 'n fondsinsamelingsveldtog van sy ou skool het Peter 'n skenking van R12 000 gemaak vir 'n nuwe wetenskaplaboratorium vir die instansie 'n Artikel 18A-kwitansie is verkry

**GEVRA** **PUNTE**

Bereken Peter se belasbare inkomste vir die jaar van aanslag wat op 28 Februarie 2009 geeindig het **[31]**

**[BLAAI OM]**

**VRAAG 2 (23 punte, 28 minute)**

George Bartie is 34 jaar oud en verloof aan Gwendolyn Hy het vir MerryMakers, 'n Kersfees-versieringsmaatskappy, gewerk sedert hy 16 jaar tevore skool klaargemaak het George se toekomstige skoonpa (Jude Kontrakteurs) het vir hom werk aangebied en hy het op 28 Februarie 2009 by MerryMakers bedank Hy sal op 1 April 2009, na sy troue in Maart, by Jude Kontrakteurs begin werk

**Sy inkomste en uitgawes vir die huidige jaar van aanslag was as volg:**

| | **Aant.** | **R** |
|---|---|---|
| **Inkomste:** | | |
| Salaris | | 220 000 |
| Huisvesting | 1 | ? |
| Enkelbedrag ontvang van voorsorgfonds | 2 | 180 000 |
| Langdienstoekenning | 3 | 7 500 |
| Opgehoopte verlofgeld | | 8 500 |
| **Uitgawes.** | | |
| Mediese bydraes (100% betaal deur George, hy is die enigste afhanklike) | | 10 800 |
| Voorsorgfondsbydraes | | 17 600 |
| Gimfooie | 4 | 1 200 |
| Etekoepons | 5 | 600 |
| Mediese uitgawes betaal deur George en nie terug ontvang van die mediese fonds nie | | 3 300 |
| Mediese uitgawes ingedien en betaal deur die mediese fonds | | 7 900 |

**Aantekeninge:**

1 Huisvesting

Vanaf Desember 2007 het MerryMakers 'n ooreenkoms met George aangegaan om residensiele verblyf aan hom te voorsien in 'n huis met meer as vier kamers George het huurgeld van R500 per maand aan die maatskappy betaal om in die ongemeubileerde huis te woon Hy was ook daarvoor verantwoordelik om die elektrisiteit te betaal George se vergoeding vir die huidige jaar van aanslag beloop R220 000 en vir die vorige jaar van aanslag was dit R210 000 Toe sy werkgewer uitvind van sy bedanking gedurende Desember 2008, het hulle George gevra om teen die einde van Desember 2008 uit die huis te trek – wat hy toe ook gedoen het

Toe George oorspronklik in Desember 2007 in die huis getrek het, het hy R50 000 van MerryMakers geleen sodat hy meubels vir die huis kon koop MerryMakers het George rente van 10% per jaar op hierdie lening gevra George het op 1 Maart 2009 die lening vereffen toe hy sy enkelbedrag ontvang het (sien nota 2) U kan aanneem dat die amptelike rentekoers 13% per jaar was vir die hele jaar

2 Enkelbedrag ontvang van voorsorgfonds

George het 'n enkelbedrag van die voorsorgfonds ontvang toe hy bedank het Hy het R130 000 oorgedra vanaf die fonds na 'n voorsorgbewaringsfonds en het R50 000 gebruik om sy lening aan sy werkgewer terug te betaal George het nie vantevore 'n enkelbedrag ontvang nie Oor die laaste tien jaar (insluitende die huidige jaar van aanslag) het George R165 000 aan die voorsorgfonds bygedra

**VRAAG 2 (vervolg)**

3 Langdienstoekenning

MerryMakers het George 'n pragtige Kersboom (handelsvoorraad) gegee, wat van veselglas gemaak is en van kleur verander, as erkenning vir sy 16 jaar van lojale diens Die markwaarde van die Kersboom is R7 500, maar dit het MerryMakers net R4 700 gekos om te maak

4 Gimfooie

MerryMakers moedig al hul werknemers aan om fiks en gesond te bly Elke werknemer ontvang 'n jaarlikse gesubsidieerde gimkontrak by 'n gim van hul keuse George is 'n lid van Fitness Planet Sy gimfooie vir die jaar was R8 040 MerryMakers het R6 500 van hierdie bedrag betaal

5 Etekoepons

MerryMakers het 'n personeelkafee in hul fabriek Elke werknemer kan die kafee gebruik deur elke maand etekoepons vir R50 te koop Die werklike koste van die etes wat MerryMakers elke maand vir elke werknemer betaal is R1 750 Aangesien George ongetroud was, het hy van hierdie eteskema gebruik gemaak

**GEVRA.** **PUNTE**

Bereken George se belasbare inkomste vir die jaar van aanslag wat op 28 Februarie 2009 geeindig het **[23]**

**VRAAG 3 (18 punte, 21 minute)**

Gertrude Gumede, 28 jaar oud, is gestremd (soos dit omskryf word) Sy is so pas werk aangebied, vanaf 1 Junie 2008, as 'n skilder by die Vereniging van Voet- en Mondskilders Gertrude sal kommissie-inkomste ontvang vir al die skilderye wat sy verkoop Haar toekomstige werkgewer het haar die volgende berekening van haar maandelikse inkomste gegee

| | Aant | R |
|---|---|---|
| Salaris | | 14 500 |
| Min Bydrae tot mediese fonds | 1 | 450 |
| Min Inkomstebeskermingspolis | 2 | 800 |
| Min Pensioenfondsbydrae | 3 | 900 |
| Werklike inkomste per maand | | 12 350 |

**Aantekeninge·**

1 Gertrude sal R450 per maand aan 'n mediese fonds moet bydra, maar omdat die Vereniging net gestremde persone in diens neem, is dit hul beleid om 80% van die vereiste bydrae tot die mediese fonds te betaal – in Gertrude se geval sal dit R1 800 beloop Sy is die enigste afhanklike op die mediese fonds

Gertrude stel u in kennis dat die mediese fonds al haar mediese uitgawes sal dek Dit beloop gewoonlik R2 000 per maand

**<u>VRAAG 3</u> (vervolg)**

2 Aangesien Gertrude dikwels siek is as gevolg van haar gestremdheid en dan nie kan werk nie, het sy inkomstebeskermingsversekering Omdat sy gestremd is, staan dit in die polis dat die opbrengste van die versekering nie belasbaar is wanneer dit uitbetaal word nie

3 Gertrude sal aan die Vereniging se pensioenfonds behoort Die Vereniging sal haar bydraes op 'n maandelikse basis ewenaar, dit wil sê R900 per maand

4 Die Vereniging sal ook 'n maatskappymotor wat spesiaal aangepas is tot haar beskikking stel vir wanneer sy kliente moet gaan sien Die motor het die Vereniging 18 maande gelede R230 000 (uitsluitende BTW) gekos Gertrude sal vir die petrol vir al haar persoonlike ritte moet betaal

**<u>GEVRA</u>** **<u>PUNTE</u>**

Gertrude weet nie hoeveel haar kommissie sal wees nie, maar sy sal graag (op grond van bogenoemde inligting) wil weet hoeveel elke maand in haar bankrekening gedeponeer sal word (vir die 2009-jaar van aanslag) indien sy die nuwe werk aanvaar **[18]**

Onthou Voordat haar werkgewer haar betaal, sal hulle werknemersbelasting moet aftrek

**<u>VRAAG 4</u> (13 punte, 16 minute)**

Gordon Goolam is 48 jaar oud Hy is geskei en het geen kinders nie Hy is die finansiele direkteur van Prop Group en is vir die afgelope vyf jaar daar werksaam Hy ontvang 'n reistoelaag van sy werkgewer Die besonderhede, met betrekking tot die 2009-jaar van aanslag, is as volg

| | |
|---|---|
| Jaarlikse reistoelaag ........................................ | R144 000 |
| Voertuig (gekoop 1 Junie 2007) | |
| Koste (BTW uitgesluit) | R390 000 |
| BTW | R 54 600 |
| Finansieringskoste vir 54 maande (nadat 'n deposito van R150 000 betaal is) | R210 074 |
| Dienskontrak vir instandhouding van die voertuig vir 3 jaar (uitgesluit uit die koste van die voertuig) | R 30 000 |
| Kilometers gery | |
| Ritboek | |
| Totale kilometers wat gery is vir die 2009-jaar van aanslag | 63 452km |
| Private kilometers vir die 2009-jaar van aanslag | 19 382km |

Lopende koste
Gordon het strokies om te bewys dat hy R36 960 gedurende die jaar van aanslag spandeer het

**<u>GEVRA</u>·** **<u>PUNTE</u>**

Bereken die uitwerking wat bogenoemde reistoelaag op Gordon se belasbare inkomste vir die jaar van aanslag wat op 28 Februarie 2009 geeindig het, sal hê **[13]**

**VRAAG 5 (15 punte, 12 minute)**

**Deel 5.1 (9 punte)**

Henry Hasbeen (56 jaar oud) is 'n Amerikaanse burger en was 'n bekende sanger gedurende die 1980's Henry ('n **nie-inwoner** vir Suid-Afrikaanse inkomstebelastingdoeleindes) het gedurende sy tweeweeklange toer deur die Republiek in Desember 2008 by etlike konserte opgetree

Henry het die volgende bedrae gedurende die 2009-jaar van aanslag ontvang

1 Optreefooie met 'n totaal van R220 000 na sy konserte in Johannesburg, Kaapstad en Durban
2 Tantieme van R43 000 wat ontvang is uit die verkope (in die Republiek) van sy *Greatest Hits*-CD Al die liedjies op die CD was in die VSA opgeneem
3 Tantiéme van R51 000 wat ontvang is uit die verkope (in die republiek) van 'n lewende-optrede-CD wat by een van sy konserte in Kaapstad opgeneem is Hierdie CD was ook internasionaal vrygestel en Henry se tantieme uit internasionale verkope het 'n totaal van R84 000 beloop

**GEVRA:** **PUNTE**

a) Bereken Henry se Suid-Afrikaanse **belasbare inkomste** vir die jaar van aanslag wat op 28 Februarie 2009 geeindig het Indien 'n bedrag nie belasbaar is nie, gee 'n kort rede daarvoor **(4)**
b) Bereken die terughoubelasting, indien enige, wat Henry dalk sal moet betaal nadat bogenoemde bedrae ontvang is **(5)**

**Deel 5.2 (6 punte)**

Stefan Kyzinzki (45 jaar oud) is 'n Poolse burger en 'n **nie-inwoner** vir Suid-Afrikaanse inkomstebelastingdoeleindes Stefan het gedurende die laaste paar jare Suid-Afrika nou en dan besoek en het gedurende die 2009-jaar van aanslag 'n maandlange vakansie in die Republiek gehad Hy doen nie besigheid in die Republiek nie

a) Stefan het die volgende bedrae gedurende die 2009-jaar van aanslag ontvang

   1 Rente ontvang van R20 500 op 'n Suid-Afrikaanse vaste deposito

   2 Netto huurinkomste van R79 000 Stefan besit 'n woonstel in Plettenbergbaai wat hy aan huurders verhuur wanneer hy nie daar bly nie

   3 Raadgewende fooie van R185 000 wat hy van die Suid-Afrikaanse ambassade in Poland ontvang het vir dienste wat hy in Poland gelewer het Stefan het 'n dienskontrak met die Suid-Afrikaanse ambassade Die kontrak stipuleer dat aangesien die fooie gehef is met inkomstebelasting in Poland, al die belasting wat aan die Poolse regering betaalbaar is deur die Suid-Afrikaanse regering aan Stefan terugbetaal moet word

**VRAAG 5 (vervolg)**

4 Raadgewende fooie van R29 000 wat ontvang is van SAP Muller Bpk, 'n Suid-Afrikaanse multinasionale maatskappy met takke in Poland, vir dienste wat in Poland gelewer is

**GEVRA:** **PUNTE**

Bereken Stefan se Suid-Afrikaanse **belasbare inkomste** vir die jaar van aanslag wat op 28 Februarie 2009 geeindig het Indien 'n bedrag nie belasbaar is nie, gee 'n kort rede daarvoor **(4)**

b) Verkoop van woonstel

Op 20 Februarie 2009 het Stefan sy woonstel in Plettenbergbaai in Suid-Afrika vir R4 000 000 verkoop Die finale kapitaalwinsbelasting wat op die transaksie betaalbaar is, is korrek bereken as R300 000

Stefan het die R4 000 000 in twee paaiemente (van R2 000 000 elk) ontvang Die eerste paaiement is op 20 Februarie 2009 ontvang en die tweede op 5 Maart 2009

**GEVRA** **PUNTE**

Bereken die **terughoubelasting** wat gedurende die 2009-jaar van aanslag betaalbaar is, indien enige, wat Stefan dalk sal moet betaal na die ontvangs van bogenoemde bedrae wat verband hou met die verkoop van die vaste eiendom **(2)**

---o0o---

©
UNISA 2009

# SKEDULES

## A. 2009 - BELASTINGTABELLE

### (i) Persone (behalwe maatskappye en trusts)

| Belasbare inkomste | Belastingkoers |
|---|---|
| Waar die belasbare inkomste nie R122 000 oorskry nie | 18 persent van elke R1 van die belasbare inkomste, |
| R122 000oorskry, maar nie R195 000 oorskry nie | R21 960 plus 25 persent van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R122 000 oorskry, |
| R195 000 oorskry, maar nie R270 000 oorskry nie | R40 210 plus 30 persent van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R195 000 oorskry, |
| R270 000 oorskry, maar nie R380 000 oorskry nie | R62 710 plus 35 persent van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R270 000 oorskry, |
| R380 000 oorskry, maar nie R490 000 oorskry nie | R101 210 plus 38 persent van die bedrag waarmee die belasbare Inkomste R380 000 oorskry, |
| R490 000 oorskry | R143 010 plus 40 persent van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R490 000 oorskry |

### (ii) Trusts (behalwe spesiale trusts)

40 persent van elke R1 van die belasbare inkomste

### (iii) Belasing voordele ontvang weens aftrede of dood op of na 1 Oktober 2007

| **Belasbare bedrag** | **Belastingkoers** |
|---|---|
| R0 – R300 000 | 18 persent van die belasbare bedrag |
| R300 000 – R600 000 | R54 000 plus 27 persent van die belasbare bedrag wat R300 000 oorskry |
| Oorskry R600 000 | R135 000 plus 36 persent van die belasbare bedrag wat R600 000 oorskry |

## B BYVOORDEELTABELLE

### (i) Voertuig besit deur werknemer (Artikel 8(1))

**WAARDESKAAL**

| Waar die waarde van die voertuig | Vaste koste R | Brandstof-koste s | Onderhouds-koste s |
|---|---|---|---|
| nie 40 000 oorskry nie | 14 672 | 58,6 | 21,7 |
| R 40 000 oorskry, maar nie R 80 000 oorskry nie | 29 106 | 58 6 | 21,7 |
| R 80 000 oorskry, maar nie R120 000 oorskry nie | 39 928 | 62,5 | 24,2 |
| R120 000 oorskry, maar nie R160 000 oorskry nie | 50 749 | 68,6 | 28 0 |
| R160 000 oorskry, maar nie R200 000 oorskry nie | 63 424 | 68,8 | 41,1 |
| R200 000 oorskry, maar nie R240 000 oorskry nie | 76 041 | 81,5 | 46,4 |
| R240 000 oorskry maar nie R280 000 oorskry nie | 86 211 | 81,5 | 46,4 |
| R280 000 oorskry, maar nie R320 000 oorskry nie | 96 260 | 85,7 | 49,4 |
| R320 000 oorskry, maar nie R360 000 oorskry nie | 106 367 | 94,6 | 56 2 |
| R360 000 oorskry, maar nie R400 000 oorskry nie | 116 012 | 110,3 | 75,2 |
| R400 000 oorskry | 116 012 | 110,3 | 75,2 |

### (ii) Voertuie wat deur werknemers besit word (Paragraaf 7(4) van die Sewende Skedule)

**Waardeskaal**

Waarde van private gebruik per maand = 2 5% x vasgestelde waarde

Waarde van tweede voertuig per maand = 4% x vasgestelde waarde

Waar die werknemer -

(aa) die koste dra van alle brandstof wat gebruik is vir die private gebruik van die voertuig (ingesluit reise tussen die werkgewer se woonplek en sy werkplek), moet die maandelikse persentasie wat toegepas word, met 0,22 persentasiepeunte verminder word

(bb) die volle onderhoudskoste van die voertuig dra (ingesluit herstelkoste, versiening, smering en bande) moet die maandelikse persentasie wat toegepas word met 0,18 persentasiepunte verminder word

## C KORTINGS

| | |
|---|---|
| **Primêre korting** | R 8 280 |
| **Ouderdomskorting - oor 65** | R 5 040 |

**[BLAAI OM]**

## D FORMULE

(i) Artikel 5 (10) (Aanslagformule)

$$Y = \left[\frac{A}{B + D - (C + L)} \times (B - L)\right] + (L \times R)$$

$$R = \frac{F}{B + D - (C + L + G)}$$

Y = die normale belasting wat bereken moet word
A = die normale belasting op B + D – (C + L)
B = die belasbare inkomste vir die jaar
C = spesiale vergoeding en gemiddelde boerdery-inkomste
D = die bydraes gemaak tot 'n uittredingsannuiteitsfonds gedurende die huidige jaar van aanslag wat afgetrek is kragtens artikel 11(*n*) suiwer as gevolg van die ronde bedrae "L" of surplusboerdery-inkomste "C" wat by inkomste ingesluit is
F = die normale belasting bereken op B + D – (C + L + G)
G = the belasbare kapitale wins bereken kragtens artikel 26A vir die betrokke jaar van aanslag wat by belasbare inkomste ingesluit is
L = 'n ronde som ontvang, en
R = die groter bedrae nadat die formule

$$R = \frac{F}{B + D - (C + L + G)}$$

toegepas is op die huidige en die vorige jaar se belasbare inkomste

(ii) Artikel 10A (annuiteit aangekoop)

Y = A/B x C

Y = die kapitale element wat bereken moet word
A = die totale kontantprys betaalbaar deur die aankoper aan die versekeringsmaatskappy ingevolge die annuiteitskontrak
B = die som van al die verwagte opbrengste oor die kontraktydperk, en
C = die totale ontvangste gedurende die huidige jaar van aanslag

(iii) Tweede skedule

Formule B

Z = C + E - D

Z = die belastingvrye gedeelte van die ronde som
C = R300 000 (rondesomvoordele ontvang by aftrede of dood voor 1 Oktober 2007)
D = die som van die rondesomme wat in die verlede uitgesluit is
E = die totaal van huidige bydraes (dws wat agterstallige betalings uitsluit) tot die fonds wat voorheen nie kragtens artikel 11(*k*) afgetrek is nie

Formule C

$$A = \frac{B}{C} \times D$$

A = die gedeelte onderworpe aan belasting wat bereken moet word
B = die totale aantal voltooide diensjare vanaf Maart 1998
C = die totale aantal diensjare wat as pensioenbefondsing erken word
D = die ronde som wat betaalbaar is

[BLAAI OM]

(iv) Agtste Skedule

$$P = R \times \frac{B}{(A + B)}$$

R = die totale opbrens uit die verkoop van die bate
A = die koste eopgeloop op of na die waardasiedatum
B = die koste opgeloop voor die waardasiedatum, en
P = die opbrengs wat verband hou met die koste opgeloop voor 1 Oktober 2001

$$Y = B + [(P - B) \times (N/(T + N))]$$

B = die uitgawes wat opgeloop is voor die waardasiedatum kragtens par 20
P = die opbrengs van die verkoop van 'n bate
N = die aantal jare (gedeeltes van jare word as volle jare beskou) vanaf die datum waarop die bate verkry is tot die dag voor die waardasiedatum Waar die toelaatbare uitgawe in meer as een jaar van aanslag opgeloop is voor die waardasiedatum mag die aantal jare nie 20 oorskry nie
T = die aantal jare waartydens die bate gehou is vanaf die waardasiedatum tot die datum waarop die bate verkoop is 'n Gedeelte van 'n jaar word as 'n volle jaar behandel
Y = die tyd-toedelingsbasiskoste

**E Monetêre drempels in inkomstebelasting, onderhewig aan periodieke verandering in wetgewing.**

| Beskrywing | Verwysing na Inkomstebelastingwet, 1962 | Geldbedrag |
|---|---|---|
| **Drempel vir algemene besparings** | | |
| **Uitgebreide werknemersaandeleskemas**<br>Werknemers kan aandele wat van belasting vrygestel word, ontvang indien die aandele deel van 'n uitgebreide werknemersaandeleplan is. Maatskappye kan ook aandele wat ooreenkomstig die plan uitgereik word, aftrek | | |
| Maksimum vrystelling vir aandele wat werknemers ontvang | Die definisie van "kwalifiserende aandeel" in artikel 8B(3) | R9 000 |
| Maksimum aftrekking vir aandele wat die werkgewer uitreik | Die voorbehoudsbepaling by artikel 11(*l*A) | R3 000 |
| **Vrystellings vir rente en bepaalde dividende** | | |
| Vrystelling vir huishoudelike rente en ander belasbare kollektieweskemadividende ten opsigte van persone van jonger as 65 jaar | Artikel 10(1)(*i*)(*xv*)(*bb*)(B) | R19 000 |
| Vrystelling vir passiewe portefeuljebesparings ten opsigte van persone van 65 jaar of ouer | Artikel 10(1)(*i*)(*xv*)(*bb*)(A) | R27 500 |
| Maksimum toepassing van bogenoemde vrystelling vir buitelandse rente en ander belasbare dividende | Artikel 10(1)(*i*)(*xv*)(*aa*) | R3 200 |
| **Belastingvrystelling vir jaarlikse skenkings** | | |
| Vrystelling vir skenkings wat deur entiteite gemaak word | Artikel 56(2)(*a*) en die voorbehoudsbepaling daarby | R10 000 |
| Vrystelling vir skenkings wat deur individue gemaak word | Artikel 56(2)(*b*) | R100 000 |
| **Kapitaalwinsuitsluitings·** | | |
| Jaarlikse uitsluiting vir individue en spesiale trusts | Paragraaf 5(1) van die Agste Bylae | R16 000 |
| Uitsluiting vir die beskikking oor 'n primêre woning | Paragraaf 45(1) van die Agste Bylae | R1,5 miljoen |
| Maksimum markwaarde van alle bates tydens die beskikking daaroor, waarvoor daar in die definisie van kleinbesighede voorsiening gemaak word wanneer 'n persoon ouer as 55 jaar is | Definisie van 'kleinbesigheid' in paragraaf 57(1) van die Agste Bylae | R5 miljoen |
| Uitsluitingsbedrag tydens die beskikking oor 'n kleinbesigheid wanneer 'n persoon ouer as 55 jaar is | Paragraaf 57(3) van die Agste Bylae | R750 000 |
| Uitsluiting met afsterwe | Paragraaf 5(2) van die Agste Bylae | R120 000 |
| **Drempels vir aftredebesparings** | | |
| **Aftrekbare uittreefondsbydraes**<br>Lede van uittreefondse en uittredingsannuiteitsfondse kan hul bydraes aftrek, onderhewig aan bepaalde persentasie- of monetêre plafonne | | |
| Monetêre plafon vir pensioenfondsbydraes | Voorbehoudsbepaling by artikel 11(*k*)(i) | R1 750 |
| Monetêre plafon vir agterstallige pensioenfondsbydraes | Paragraaf (*aa*) van die voorbehoudsbepaling by artikel 11(*k*)(ii) | R1 800 |
| Monetêre plafon vir uittredingsannuiteitsfondsbydraes (indien persoon ook lid van 'n pensioenfonds is) | Artikel 11(*n*)(*aa*)(B) | R3 500 |
| Uittredingsannuiteitsfondsplafon vir bydraes (indien persoon nie lid van 'n pensioenfonds is nie) | Artikel 11(*n*)(*aa*)(C) | R1 750 |

**[BLAAI OM]**

| | | |
|---|---|---|
| Uittredingsannuiteitsfondsplafon vir agterstallige bydraes | Artikel 11(*n*)(*bb*) | R1 800 |
| **Toelaatbare enkelbedragonttrekkings met aftrede**<br>Lede van pensioenfondse en uittredingsannuiteitsfondse mag met aftrede enkelbedrae onttrek | | |
| Pensioenfondsgeldbedrag vir toelaatbare enkelbedragonttrekkings | Paragraaf (ii)(dd) van die voorbehoudsbepaling by paragraaf (c) van die definisie van "pensioenfonds" in artikel 1 | R50 000 |
| Uittredingsannuiteitsfondsgeldbedrag vir toelaatbare enkelbedragonttrekkings | Paragraaf (*b*)(*ii*) van die voorbehoudsbepaling by die definisie van "uittredingsannuiteitsfonds" in artikel 1 | R50 000 |
| **Aftrekbare besigheidsuitgawes vir individue** | | |
| **Motortoelae**<br>Individue ontvang 'n jaarlikse voertuigtoelae om sakereisonkoste te bestry, insluitend geagte waardevermindering op die voertuig | | |
| Plafon op voertuigkoste | Artikel 8(1)(*b*)(*iii*A)(*bb*)(A) | R400 000 |
| Plafon op skuld verbonde aan voertuigkoste | Artikel 8(1)(*b*)(*iii*A)(*bb*)(B) | R400 000 |
| **Diensverwante byvoordele** | | |
| **Vrygestelde studiebeurse.**<br>Werkgewers kan vrygestelde studiebeurse aan werknemers en hul familielede voorsien, onderhewig aan jaarlikse monetêre plafonne | | |
| Jaarlikse plafon vir werknemers | Paragraaf (*ii*)(*aa*) van die voorbehoudsbepaling by artikel 10(1)(*q*) | R100 000 |
| Jaarlikse plafon vir werknemers se familielede | Paragraaf (*ii*)(*bb*) van die voorbehoudsbepaling by artikel 10(1)(*q*) | R10 000 |
| **Vrygestelde diensbeeindigingsvoordele**<br>Werknemers van 55 jaar of ouer ontvang vrystelling vir betalings wat met diensbeeindiging verband hou, onderhewig aan 'n monetêre plafon | Artikel 10(1)(*x*) | R30 000 |
| **Medieseskemabydraes**<br>Belasting kan van medieseskemabydraes afgetrek word indien die individu betaal (en dit is belastingvry indien die werkgewer betaal), onderhewig aan maandelikse plafonne | | |
| Maandelikse plafon vir skemas met een begunstigde | Artikel 18(2)(c)(i)(aa) en paragraaf 12A(1)(a) van die Sewende Bylae | R570 |
| Maandelikse plafon vir skemas met twee begunstigdes | Artikel 18(2)(c)(i)(bb) en paragraaf 12A(1)(b) van die Sewende Bylae | R1 140 |
| Addisionele maandelikse plafon vir elke bykomende begunstigde | Artikel 18(2)(c)(i)(cc) en paragraaf 12A(1)(c) van die Sewende Bylae | R345 |
| **Toekennings vir dapperheid en langdurige diens**<br>Die geagte waardes van toekennings vir dapperheid en langdurige diens word deur die geldbedrag wat aangedui word, verminder | Paragraaf (a) en (b) van die verdere voorbehoudsbepaling by paragraaf 5(2) van die Sewende Bylae | R5 000 |
| **Werknemersverblyf**<br>Werknemersverblyf is aan die hand van 'n formule belasbaar indien die werkgewer die verblyf besit, maar geen belasting is betaalbaar indien die werknemers minder verdien as die bedrag wat aangedui word nie | Paragraaf 9(3)(a)(ii) van die Sewende Bylae | R46 000 |

**[BLAAI OM]**

| | | |
|---|---|---|
| **Vrystelling vir uitgeweke werknemers** Die waarde van verblyf wat aan uitgeweke werknemers voorsien word, is belasbaar in die mate waarin dit die aangeduide bedrag oorskry | Paragraaf 9(7B)(ii) van die Sewende Bylae | R25 000 |
| **Vrystelling vir *de minimus*-werknemerslenings** Werknemerslenings onder die aangeduide bedrag word nie geag enige waarde as byvoordeel te hê nie | Paragraaf 11(4)(a) van die Sewende Bylae | R3 000 |
| **Werkgewersaftrekkings vir werknemersbehuising** Uitgawes aangegaan vir die voorsiening van werknemersbehuising word beperk tot die aangeduide plafon (per woning) | Paragraaf (ii) van die voorbehoudsbepaling by artikel 11(t) | R15 000 |
| **Addisionele werkgewersaftrekkings vir leerlinge:** Werkgewers ontvang addisionele aftrekkings vir leerlinge, na gelang van omstandighede | | |
| Monetêre plafon van addisionele aftrekking vir die werkgewer wanneer hy 'n leerlingooreenkoms met 'n bestaande werknemer aangaan | Artikel 12H(2)(a)(i)(bb) | R20 000 |
| Monetêre plafon van addisionele aftrekking vir die werkgewer wanneer hy 'n leerlingooreenkoms met 'n nuwe werknemer aangaan | Artikel 12H(2)(a)(ii)(bb) | R30 000 |
| Monetêre plafon van addisionele aftrekking vir die werkgewer wanneer 'n leerlingooreenkoms voltooi word (alle werknemers) | Artikel 12H(2)(b)(ii) | R30 000 |
| Monetêre plafon van addisionele aftrekking vir die werkgewer wanneer hy 'n leerlingooreenkoms met 'n bestaande gestremde werknemer aangaan | Artikel 12H(2A)(a)(i)(bb) | R40 000 |
| Monetêre plafon van addisionele aftrekking vir die werkgewer wanneer hy 'n leerlingooreenkoms met 'n nuwe gestremde werknemer aangaan | Artikel 12H(2A)(a)(ii)(bb) | R50 000 |
| Monetêre plafon van addisionele aftrekking vir die werkgewer wanneer 'n leerlingooreenkoms met gestremde werknemers voltooi word | Artikel 12H(2A)(b)(ii) | R50 000 |
| **Waardevermindering** | | |
| **Kleinskaalse intellektuele eiendom** Intellektuele eiendom met koste onder die aangeduide bedrag is onmiddellik aftrekbaar | Paragraaf (aa) van die voorbehoudsbepaling by artikel 11(gC) | R5 000 |
| **Stedelike-ontwikkelingsone** Ontwikkelaars wat projekte onderneem waarvan die koste hoer is as die aangeduide bedrag moet spesiale kennisgewing aan die Kommissaris gee | Artikel 13quat (10A) | R5 miljoen |
| **Diverse** | | |
| **Openbare weldaadsorganisasies** | | |
| OWO's se handelsinkomste word vrygestel tot en met die grootste van 5% van totale ontvangste en toevallings of die aangeduide bedrag | Artikel 10(1)(cN)(ii)(dd)(ii) | R100 000 |
| Skenkings aan die oorgrensparke is aftrekbaar indien die skenkings gelyk is aan die aangeduide bedrag of dit te bowe gaan | Artikel 18A(1C)(a)(ii) | R1 miljoen |

**[BLAAI OM]**

| | | |
|---|---|---|
| OWO's wat behuising voorsien, word vrygestel indien die begunstigdes huishoudings is met 'n maandelikse inkomste van die aangeduide bedrag of minder | Paragraaf 3(a) van Deel I van die Negende Bylae en paragraaf 5(a) van Deel II van die Negende Bylae | R7 500 |
| **Ontspanningsklubs**<br>Die handelsinkomste van klubs word vrygestel tot en met die grootste van 5% van totale ontvangste en toevallings of die aangeduide bedrag | Artikel 10(1)(cO)(iv)(bb) | R50 000 |
| **Aftrekkings vir boere vir werknemersbehuising**<br>Plafon vir uitgawes deur boere aangegaan om werknemersbehuising te voorsien (per werknemer) | Paragraaf 12(5) van die Eerste Bylae | R15 000 |
| **Voorafbetaalde uitgawes**<br>'n Perk op voorafbetaalde uitgawes wat nie uitgestel sal word totdat goedere, dienste of voordele gelewer word nie | Paragraaf (bb) van die voorbehoudsbepaling by artikel 23H(1) | R80 000 |
| **Kleinsakekorporasies**<br>Korporasies kwalifiseer vir belastingaansporings indien hul bruto inkomste nie die vermelde bedrag te bowe gaan nie | Artikel 12E(4)(a)(i) | R14 miljoen |
| **Huisverenigings**<br>Huisverenigings se beleggingsinkomste word tot en met die aangeduide bedrag vrygestel | Artikel 10(1)(e) | R50 000 |
| **Administrasie** | | |
| **Beleggingsinkomste van voorlopige belasting vrygestel**<br>Indien 'n natuurlike persoon se enigste inkomste uit rente dividende en vaste-eiendomsverhurings verkry word, word die aangeduide inkomstebedrag van voorlopige belasting vrygestel | | |
| In die geval van natuurlike persone onder die ouderdom van 65 jaar | Paragraaf 18(1)(c)(ii) van die Vierde Bylae | R20 000 |
| In die geval van natuurlike persone bo die ouderdom van 65 jaar | Paragraaf 18(1)(d)(i) van die Vierde Bylae | R80 000 |
| **SIBW-drempel**<br>Belasting op werkinkomste is tot en met die aangeduide bedrag aan die SIBW-stelsel onderhewig | Items (a) en (b) van paragraaf 11B(2) en items (a),(b)(ii) en (b)(iii) van paragraaf 11B(3) van die Vierde Bylae | R60 000 |
| **Outomatiese appèl tot die Hoe Hof**<br>Die volle regbank van die Hoe Hof beskik oor outomatiese jurisdiksie oor appelle indien die bedrag in geskil die aangeduide bedrag oorskry | Artikel 83(4B)(a) | R50 miljoen |

©
UNISA 2009